**AFRIKAANS HUISTAAL**
**GRAAD 12**
**VRAESTEL 1**
**JUNIE 2012**

**NASIENRIGLYNE**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: ARTIKELS EN GRAFIESE TEKS

### Nasien van die leesbegrip

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus
  op begrip is.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word die punte verdeel:
  - 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 1 punt vir die rede/ motivering /aanhaling.
- As die leerder se WAAR/ONWAAR/FEIT/MENING reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
- As die WAAR/ONWAAR/FEIT/MENING verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Geen penalisering vir aan- of afwesigheid van aanhalingstekens nie, al word ’n aanhaling gevra.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig
  word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks,
  word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter OF die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

**KLANKE KAN JOU GESOND MAAK**

1.1 Lindi Herbst ✓ (1)

1.2.1 Mense dink jy beoefen musiekterapie as jy jou radio kliphard stel en dink dat dit jou beter sal laat voel. / Mense dink dat musiekterapie nie ’n erkende beroep is nie. ✓

1.2.2 Musiekterapie is ’n manier waardeur mense met probleme deur middel van musiek gesond gemaak kan word. ✓/ Dit is ook ’n loopbaan wat erkenning ontvang. ✓ (Enige een) (1)
*(Kandidate mag in hulle antwoorde NIE die volgende frases gebruik nie: “terapeutiese aanwending, gebruik van musiek, ’n verskeidenheid van toestande”*
*Kandidate verloor die punt indien enige een van die genoemde frases heraal is.)*
*(Laat ’n maksimum van twee woorde meer as 15 toe.)*

1.3 “Tydens musiekterapie is dit nie nodig om woorde te gebruik nie.” ✓ (1)

1.4 die voor- en nadele van musiekterapie as ’n beroep ✓
die verwagte inkomste wat verdien kan word ✓
die opleiding/kwalifikasies benodig ✓ (3)

1.5 ’n Voornemende musiekterapeut moet bereid wees om te leer. ✓ Hy/sy moet ’n passie hê om ander te wil help. (*Enige een*) (1)

1.6 Musiekterapie is ’n veeleisende werk. ✓ / Dit is ’n neerdrukkende werk. ✓
Dis nie so maklik om as ’n musiekterapeut te kwalifiseer nie. ✓ / Slegs ’n beperkte getal studente word jaarliks tot die ... kursus toegelaat. ✓
*(Enige een van die genoemde feite.)* (1)

1.7 Hy/sy kan besluit of hulle as privaatterapeute gaan praktiseer ✓ en of hulle eerder deel van ’n praktyk wil wees. ✓ (2)

1.8 WAAR. ✓ “... wat deur die Raad vir Gesondheidsberoepe gesertifiseer is.” ✓ (2)

1.9 Hulle moet oor ’n meestersgraad beskik. ✓ Hulle moet <u>eers</u> by die Raad vir Gesondheidsberoepe geregistreer wees. ✓ Hulle moet behendig met ’n klawerbord of ’n kitaar wees. ✓ (*Enige een van die vereistes*). (1)

**DRAADLOOS LAAT JOU DINK**

1.10 Tieners/kinders/leerders ✓ (wat van wiskunde, wetenskap en tegnologie hou). (1)

1.11 “... jou hart vinniger laat klop ...” ✓(*Indien meer as een werkwoord in antwoord, is dit nie meer ’n frase nie en verloor kandidaat dus die punt*.) (1)

1.12 C dat tieners op ’n lekker manier van nuwe dinge gaan leer.✓ (1)

1.13 Oorweeg hier die kandidate se eie, goedgemotiveerde antwoorde. ✓✓ (2)

1.14 Oorweeg hier die kandidate se eie, goedgemotiveerde antwoorde. ✓✓ (2)

1.15 Hulle het ’n (graad 12-) leerder as een van die omroepers aangestel. ✓ (1)

1.16 Feit ✓ Navorsing is gedoen ✓ of
Mening ✓ Die program is nog nie op die lug nie, stelling is dus nog nie getoets ✓ nie. (2)

**SPOTPRENT**

1.17 Niel van Vuuren ✓ (1)

1.18 Hy was besig met matriek. / Hy was op skool. ✓ (1)

1.19 Hy wys met sy vinger na die deur. ✓ (1)

1.20 Hy sien nie kans vir ’n leeglêerseun in sy huis nie. / Die seun moet vir hom ’n werk gaan soek. / Daar is nie plek vir die seun in die huis as hy net gaan lê en niks doen nie. ✓ (*Enige relevante antwoord wat ’n geïmpliseerde betekenis oordra, is aanvaarbaar*. *’n Antwoord soos die seun moet die huis verlaat / Die seun moet uitgaan, kan nie aanvaar word nie.)* ✓ (1)

1.21 Oorweeg hier die kandidate se eie, goedgemotiveerde antwoorde. ✓✓ (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming:**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

**Puntetoekenning**:

- 7 punte vir 7 tegnieke (1 punt per tegniek)
- 3 punte vir taal
- Puntetotaal: 10

**Verspreiding van punte vir taal:**
Sinne moet samehangend wees.

- 1–3 tegnieke korrek: ken 1 punt toe vir taal.
- 4–5 tegnieke korrek: ken 2 punte toe vir taal.
- 6–7 tegnieke korrek: ken 3 punte toe vir taal.

**LET WEL:**

**Formaat:**

’n Opsomming in die verkeerde formaat moet ook geassesseer word.

**Tel van woorde:**

- Nasieners moet die hoeveelheid woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien ’n kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word ’n oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming word geïgnoreer.
- Korter opsommings wat die vereiste tegnieke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**HOE OM ’N BRAND TE BLUS**

1 Skakel eerste die hoofskakelaar af as dit ’n elektriese brand is. / Blus ’n elektriese brand met ’n brandblusser. ✓
2 Blus ’n elektriese brand deur die brandblusser op die basis van die vlamme te rig/ Moenie ’n elektriese brand se vlamme net probeer doodspuit nie. ✓
3 Moet nie ’n brand wat deur petrol of olie veroorsaak is met water blus nie. ✓
4 Smoor vlamme wat nie te hoog brand nie met ’n brand- of veiligheids-kombers.✓
5 Blus organiese brande in die beginstadium. ✓
6 Blus organiese brande met baie water. ✓
7 Laat ’n persoon wie se klere vlamgevat het op die grond lê en laat hom heen en weer rol. / Rol iemand wie se klere vlamgevat het in ’n handdoek of kombers toe. ✓

(84 woorde)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3**

**Nasienmemorandum/nasien van hierdie afdeling:**

- Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
- In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
- Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

**HET JY GEWEET?**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | verpakkinkies ✓ | (1) |
| 3.2 | liefhebber ✓ | (1) |
| 3.3 | Samestelling met eienaam wat aan ’n soortnaam gekoppel is. ✓ | (1) |
| 3.4 | stokou ✓ | (1) |
| 3.5 | Jeffrey het vertel dat die *Did you know*-feite deur die *Three Wise Men*-vasvra-program geïnspireer is wat daardie jaar op Springbokradio uitgesaai is. ✓✓<br>*(Ken een punt toe indien kandidaat die indirekte rede in dieselfde tyd aangebied het en die ander punt vir die korrekte woordorde van die werkwoord.)*<br>(As die kandidaat die “is” na was verander het, verloor hy een punt.) | (2) |
| 3.6 | historici ✓ | (1) |
| 3.7 | Almal <u>wat van navorsing hou</u>, stuur voorstelle vir die maatskappy.<br>*(Kandidate mag geen ander deel van die sin aandui nie.)* ✓ | (1) |
| 3.8 | Chappies het <u>danksy</u> ✓ lekker geure en smake ’n staatmaker onder kougomkouers geword. | (1) |
| 3.9 | Chappies was baie goedkoop dog wou niemand dit aanvanklik koop nie. ✓<br>*(Die woordorde van die tweede sin moet verander.)* | (1) |
| 3.10 | D stereotipering ✓ | (1) |
| 3.11 | moker/foeter/neuk ✓ | (1) |
| 3.12 | fortuin + vertel ✓ (beide korrek vir ’n punt) | (1) |
| 3.13 | Hy impliseer dat Minnie vet/oorgewig/rond van lyf is. ✓ | (1) |
| 3.14.1 | Frans ✓ | (1) |
| 3.14.2 | Die president se ampsmotor word deur ’n vaardige persoon gechauff<u>**ee**</u>r. ✓ | (1) |
| 3.15 | nm. ✓ | (1) |
| 3.16 | op pad ✓ | (1) |
| 3.17 | Minnie is lekker deur Willie om sy pinkie gedraai. ✓ | (1) |
| 3.18 | Hoe belangriker die inligting, ✓ hoe groter die skrif. ✓/ Belangrike inligting ✓ word in groter skrif gedruk. ✓ | (2) |
| 3.19 | “gewaarborg”, “markleier”, “unieke”, “nuwe”, “spesiale” ✓ (Enige een) | (1) |

3.20 TrackSure is nie vir meer as 30 jaar lank die markleier in oopvoubare sekuriteitshekke nie. / TrackSure is nie meer vir 30 jaar lank die markleier in oopvoubare sekuriteits hekke nie. ✓ (1)

3.21 C saaklik ✓ (1)

3.22 kwaliteit ✓ (1)
3.23 die minste ✓ (1)

3.24 hoendertande ✓ (1)

3.25 plaas ✓ (1)

3.26 Oorweeg hier die kandidate se eie, goedgemotiveerde antwoorde. ✓✓ (2)

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**